was lady Wodehouse ook op Wodehousekop waar die geselskap na stapeling van die klipbaken, verversings, o.a. wyn, geniet het.

Op sy suidwaartse tog verder het Wodehouse met gereelde tussenpose die nuwe grens afgebaken. Vir ons doel egter voldoende om te volstaan met die bevestiging dat Golden Gate nes voorheen by alle Britse grensreëlings binne Basoeto-gebied geval het.

Mosjesj het by die Wodehouse-beslissing berus, maar weinig gedoen om sy onderdane oor die grens te laat terugkeer. Toe hoofmanne Lesoeana en Mopeli weier om die grenslyn te eerbiedig en die blankes in die distrik Bethlehem aanval, het Brand die Volksraad oorreed om op 9 Junie 1865 oorlog teen die Basoeto te verklaar.

Hierdie keer het die Vrystaters nie alleen gestaan nie. Ingevolge die moord op 'n klompie Transvaalse toggangers deur die onderdane van Molapo in die distrik Harrismith het die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) Mosjesj ook die oorlog aangesê.

'n Transvaalse kommando onder Paul Kruger het op 9 September 1865 die Vrystaat binnegetrek. Een van die eerste take van hierdie kommando was om die „moordenaarsnes" van Witzieshoek skoon te maak Vyf-en-twintig kafferkrale is verbrand en 400 skape en bokke buitgemaak, ook elf perde. Die meeste Basoeto het met vee en al deur Golden Gate na Molapo gevlug. Dáárheen is die kommando toe. Hulle trek vanat Witzieshoek deur die huidige Park. Gedurende die nag van 28-29 September kampeer hulle aan die noordsy van Naauwpoortsnek feitlik op die terrein waar die dorpie Clarens vandag aangelê is.

Dis mistige weer en 'n motreëntjie sif aanhoudend neer. Teen drie-uur die volgende oggend het volgelinge van Lesoeana en Slanggaal onder dekking van die reën en duisternis en slapende brandwagte in die laer gekruip, vyf burgers in die waens doodgesteek en tien gewond voor hulle verdryf kon word. Die volgende oggend het 51 Basoetolyke en talle bloedspore van die nagtelike stryd te Naauwpoort op die drumpel van Golden Gate getuig.

By al die erns van oorlog en bloedvergieting was daar een lagwekkende voorval. Paul Kruger se sekretaris, 'n Hollander Nyhoff, het die vorige aand te diep in die bottel Skiedammernat (jenewer) gekyk. Hy het begin skoor soek en gedreig om onder sy makkers te skiet. Kruger het hom aan 'n wawiel laat vasmaak om sy roes uit te slaap. Gedurende die nagtelike oorlogsrumoer het hy nooit wakker geword nie. Toe hy die volgende oggend wakker word en die dooie Basoeto's om die laer sien lê, kyk hy verbaas rond en sê: „Het schijnt of men vannacht gevochten heeft!"

Generaal J. J. Fick het nou met 'n deel van die Vrystaatse krygsmag, wat intussen twee keer sonder sukses Thabo Bosiu probeer verower het, noordwaarts getrek om met die Transvalers te verenig en eers Molapo op sy plek te sit voor die vereigde leërs Thaba Bosiu opnuut sou aandurf.

Die vereniging van die Vrystaatse en Transvaalse magte het naby die geskiedkundige Retiefsnek plaasgevind. Dit was 'n grootse oomblik. Hier was 1,338 ruiters bymekaar.

Gedurende die nag van 8-9 Oktober 1865 vertrek die ruiters stilweg uit die laer. Op die tiende was hulle in die Dubbelberge — om wat te vind? Rook en as van Molapo se statte. Daarop het Fick Molapo se gebied vanaf die Natalse grens, langs die Drakensberge tot by die oorsprong van die Putiatsana en vandaar langs dié rivier tot by sy sameloop met die Caledon, as Vrystaatse grondgebied geannekseer. Die verenigde krygsraad het egter ook besluit om „de regten van Generaal Kruger van gronden veroverd van de Basutos" te erken.

Die verenigde kommando het hierna die koppe en rante langs die Caledon en Klein Caledon beset en die Basoeto finaal uit hierdie vestings en uit die omgewing van Golden Gate verdryf. Generaalskop is blywende getuienis van hierdie krygsdaad. Daarna trek die kommando na Cathcartsdrift waar hy op 25 Oktober in 'n kort maar hewige skermutseling met 20,000 Basoeto die oorhand behaal en meer as 12,000 beeste, skape en perde buit wat eweredig onder die burgers verdeel is.

Ten spyte van meningsverskil tussen Vrystaters en Transvalers i.v.m. die eiendomsreg van Transvalers op die verowerde grond en moeilikheid met die verdeling van die buit, het die Vrystaters gehoop dat die verenigde kommando's Thaba Bosiu nou kon aandurf. Maar toe gebeur iets wat 'n slegte indruk op die Vrystaters maak en Paul Kruger in groot verleentheid bring: die Transvalers wil huis toe. Kruger het gesoebat en gesmeek — asseblief nog één veldtog! Tot sy „overkropten gevoel zich lucht gaf in tranen." Dog tevergeefs. Met die vertrek van die Transvalers bly agt van hulle makkers as gesneuweldes agter. Hulle offer is tot vandag blywende bewys van die gesamentlike poging van Transvaler en Vrystater waardeur die Vrystaatse oostelike grens veilig gemaak en Golden Gate vir blanke besetting en kolonisasie oopgestel is.

Na die vertrek van die Transvaalse kommando het daar weer soos in die verlede 'n verswakking in die dissipline van die Vrystaters ingetree. Die Basoeto het van hierdie geleentheid gebruik gemaak en verskeie Vrystaatse dorpe, o.m. Bethlehem en Winburg, aangeval. Deur die knap optrede van kommandant C. de Villiers is Molapo en Lesoeana verslaan, en met Fick se hulp is die Basoeto tot feitlik aan die Drakensberg teruggedryf. Hulle vee is afgeneem en hul gesaaides verwoes. Daarop het Molapo oorgegee en besluit om met sy volgelinge Vrystaatse onderdane te word.

Mosjesj, wat intussen tevergeefs die Kaapse goewerneur versoek het om hom en sy onderdane onder Britse beskerming te plaas, het nou ook geen ander uitweg gehad as om met die Vrystaat vrede te sluit nie. Hy het toegestem dat die Vrystaat die „Verowerde Gebied" kon behou, om 3,000 beeste as skadevergoeding te betaal en voortaan misdadigers uit te lewer. Dit alles is in 1866 met die *Verdrag van Thaba Bosiu* gereël.

Hierdie tweede Basoeto-oorlog het tot blywende herinnering in die Hoogland Park geword. Nie alleen is die plase-kompleks waaruit die Park sou groei deur die verenigde krysgprestasie van Transvaler en Vrystater as deel van die Verowerde Gebied tot die Vrystaat toegevoeg nie, maar die slag van Naauwpoortsnek en Kruger se aandeel in die oorlog sou later met die stigting van die dorpie Clarens — genoem na Kruger se sterfplek as banneling in Switserland — verewig word.

VANWAAR GENERAALSKOP?

Die oorsprong van die naam Generaalskop is 'n kontensieuse saak. Allerweë aanvaar Vrystaters dat die kop ná die verdrywing van Molapo en Lesoeana na hulle eie genl. J. J. Fick vernoem is. Geen standhoudende bewyse kon vir hierdie aanspraak gevind word nie. Ook nie vir die veronderstelling dat dit na Paul Kruger vernoem is nie.

Oor die volgende feite kan egter geen misverstand of twyfel bestaan nie: Beide Fick en Kruger het as generaals in hierdie oorlog oor hulle onderskeie landgenote bevel gevoer en die gebied tot aan die Caledon vir die Vrystaat help verower; albei was betrokke in die veldslae naby en om Generaalskop en albei wou die stryd enduit voer. Waar daar hierbo aangehaal is van „de regten van Generaal Kruger van gronden verooverd . . ." asook Kruger se trane oor sy mense se onwil om verder te veg, is dit helder soos daglig dat Kruger 'n besondere plek in die agting van die Vrystaters moes ingeneem het en gevolglik 'n gelyke kans tot vernoeming met genl. Fick gehad het. Ter stawing hiervan die volgende twee bewyse: Hoe groot die invloed was wat in hierdie jare van Kruger uitgegaan het, blyk uit 'n pleitstuk van die Vrystaters wat in Junie 1865 aan pres. M. W. Pretorius van Transvaal gerig is en waarin hulle o.a. skryf: „De zekerheid dat uwe manschappen aan het doorkomen zijn, met zoo eenen man als Paul Kruger aan het Hoofd, zou de vertrouwenheid doen herleven." (R718/65) Enkele jare later lees ons in *De Express* van 15 April 1875 o.a.: „Hoe groot was die vreugde in ons land toe gedurende die laaste Basoeto-oorlog (1865) hier die tyding aankom dat Paul Kruger aan die kom is . . . Sy naam was 'n ‚heirleer', sy onoorwinlikheid die skrik van die mensdom."

Die Vrystaters het dus steeds met groot dankbaarheid aan Kruger se deelname aan die tweede Basoeto-oorlog teruggedink. Daarby val dit op dat genl. Fick bowendien met die stigting van die dorpie Ficksburg en Generaalsnek (hieroor is daar sekerheid!) vernoem is. In die loop van hierdie navorsing het ek oortuig geraak dat albei *generaals* in die naam *Generaalskop* verewig is. Dié kompromis is myns insiens ook die beste verklaring van die herkoms van die naam van 'n uitstaande landmerk in die Hoogland Park. En dan is dit ook heel paslik dat Paul Kruger vir wie wild- en natuurbewaring so na aan die hart gelê het en wat in 1898 die gebied tussen die Krokodil- en Sabierivier as „Gouvernements-wildtuin" — die eerste op die vasteland van Afrika — geproklameer het, ook in die Nasionale Hoogland Park 'n taak vervul het en daarvoor by wyse van vernoeming in Generaalskop tot in lengte van dae onthou sal word.



Die distrik Bethlehem. 1871.

EINDE VAN DIE BASOETO-VRAAGSTUK

Na die *Verdrag van Thaba Bosiu* het pres. Brand dadelik die Verowerde Gebied in drie rye plase laat opmeet en beset, sodat 'n digte blanke bevolking aan die oosgrens as 'n buffer teen die Basoeto kon dien. Toe Brand Mosjesj gelas om sy onderdane uit die Verowerde Gebied terug te roep, is toegestem dat hulle eers hul oeste kon insamel. Toe dit egter blyk dat krygers die gebied binnesypel, is 'n kommando opgeroep om die Basoeto te verdryf. Mosjesj het intussen sy oes ingesamel, daarna sy beloftes vergeet en geweier om langer die voorwaardes van die *Verdrag van Thaba Bosiu* te erken. In Julie 1867 is opnuut krygswet afgekondig. Hierdie keer het die besielde Vrystaatse kommando's vinnig en vasberade opgetree. Toe Mosjesj besef dat volkome neerlaag sy voorland is, het hy ernstig by goew. Wodehouse gepleit om Basoetoland te annekseer. In Maart 1868 het dit gebeur.

Die Vrystaters was bitter teleurgesteld en ontevrede en het selfs 'n afvaardiging na Engeland gestuur om teen die anneksasie te protesteer. Maar alles tevergeefs. Met die tweede Verdrag van Aliwal-Noord (1869) is die grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland finaal vasgestel. Die Vrystaat het die Verowerde Gebied van 1866 behou.

Tydens die laaste Basoeto-oorlog is ook finaal 'n einde gemaak aan die skelm en onrusstoker Lesoeana, wat in die grotte van Letsabaanskloof net anderkant die huidige Kalieskraal geskuil het. 'n Aantal vrywilligers, waaronder etlike Engelssprekendes uit Bethlehem, het saam met die burgermag deur Golden Gate daarheen opgeruk. Ten einde Lesoeana en sy volgelinge uit die grotte te dryf, is handbomme daarin en in die talle skeure gegooi. Koos Prinsloo van Bethlehem het tydens hierdie aanval gesneuwel, terwyl een van die bomme in Vincent Kennard se hande ontplof het, hom ernstig verwond en albei sy hande afgeruk het. Sy maat, Frank Cason, is beseer.

In Maart 1868 het die Vrystaatse Volksraad R300 skadevergoeding aan Kennard toegeken, terwyl Cason se mediese onkoste betaal is. Kennard het met taaie volharding sy gebrek oorwin en later burgemeester van Bethlehem geword. Sy naam, met die mond geteken, kan vandag nog in die Bethlehemse munisipale notuleboek gelees word. Deur middel van blokke, met gaatjies vir verfkwassies aan sy arms vasgegespe, het hy geskilder en besondere sukses behaal. Vandag hang daar nog van sy skilderye op verskeie plekke in Bethlehem.

Ná die Verdrag van Aliwal-Noord van 1869 was die Storm- en Drangjare vir Golden Gate verby. Vir die eerste keer in sy bestaan het die gebied vir vreedsame blanke kolonisasie oopgestaan. Die rus en vredigheid van liewerlee het geleidelik teruggekeer en sedertdien nooit weer gewyk nie. Binne tien jaar na die verdrag van Aliwal-Noord het troppe vee rustig in die valleie van dié Verowerde Gebied gewei en golwende graanlande het tot teen die hange van die berge opgekruip.

IV

GOLDEN GATE — DIE WINSKOOP VAN DIE NEGENTIENDE EEU

DIE VEROWERDE GEBIED WORD OOPGESTEL

Aan die begin van 1866 sou die redakteur van *De Tijd* skryf dat „de levensstrijd dezer jeugdige Republiek nog volstreden moet worden en de vraag wacht hare oplossing: *of barbaar of beschaving in deze velden den scepter zal zwaaien.*"

Drie maande later het dit vrede geword. Met geesdriftige uitroepe het die versamelde burgers die voorlees van die vredesverdrag begroet. Bo-op 'n wa, met die Bybel in die hand en ontblote hoof, het president Brand God gedank vir die gelukkige afloop van die oorlog. Daarna is uit volle bors die honderdste Psalm aangehef.

In sy kenmerkende beeldspraak het die ou vos Mosjesj I opgemerk: „De President heeft mijn karos gevat en een gedeelte daarvan afgesneden . . ." Die mooiste deel van hierdie „afgesnyde kombers" was die goue poort, die Golden Gate-gebied, geleë op die waterskeiding van die Oranje- en Vaalrivier, skaars 35 myl van die naaste dorpie Bethlehem, was pas in 1864 gestig is. Die tyd en beskawing sou later ook die dorpies Clarens (1912), 12 myl vanaf Golden Gate, en Kestell (1905), 26 myl verder noordoos, binne trefafstand van die vredigheid en natuurskoon van Golden Gate bring.

Die *Verdrag van Thaba Bosiu* het o.m. tot gevolg gehad dat die gebied vanaf Brindisi, insluitende die latere dorp Fouriesburg, Clarens en die Klein Caledonvallei tot by Witzieshoek 'n onderdeel van die distrik Harrismith geword het. Saam met die dorpie en latere distrik Bethlehem sou dit tot 1871 as die wyk Wittebergen van die distrik Harrismith bekend staan. Vir administratiewe doeleindes sou die eerste blanke intrekkers dus aanvanklik 52 myl na die dorpie Harrismith wat reeds in 1849 aangelê is, moes reis. Eers op 30 Mei 1871 het die distrik Bethlehem ingevolge 'n Volksraadsbesluit tot stand gekom en is Golden Gate as 'n onderdeel van die wyk Wittebergen daarby ingelyf.

'n Tweede belangrike verwikkeling wat die verowering van dié nuwe gebied meegebring het, was die kolonisasie daarvan. Hiervoor het die Okkupasiewet van 1866 (Ord. 2-1866) voorsiening gemaak. Langs die hele Caledonriviergrens tussen die Vrystaat en Basoetoland is drie rye plase, elk 1,500 morge groot, opgemeet deur 'n kommissie van drie lede waarvan een 'n landmeter was. Die eerste plase sou toegeken word aan burgers

wat gedurende die tweede Basoeto-oorlog aktiewe kommandodiens gedoen het. Die oorblywende plase sou aan „blanke ingezetenen" van die Vrystaat per publieke veiling verkoop word. Elke plaas moes persoonlik deur die eienaar bewoon word. Verder moes elke boer aan wie 'n plaas toegeken is, ten alle tye van 'n ryperd, saal, toom, „200 kogels, 5 pond kruid en 500 dopjes of vuursteenen" voorsien wees vir geval van moeilikheid. Dan moes die eienaar binne ses maande 'n woning van minstens 20 x 10 vt. op sy plaas oprig, R8 vir sy grondbrief en 20c per 100 morg rekonie betaal. Laastens sou elke 30 plaaseienaars uit hulle midde 'n veldkornet aanwys.

Op 24 April 1866 is begin met die inspeksie van die drie rye plase, op 2 November 1866 sou die toekenning van plase plaasvind en op 15 Januarie 1867 moes met die bewoning daarvan begin word. Voornemende nedersetters moes dus vóór 2 November 1866 aansoek om plase doen. Aansoekers moes 'n skriftelike verklaring van hul veldkornet indien dat hulle burgers van die Vrystaat was.

In die geskiedenis van die Hoogland Park was veral die drie plase Noord-Braband (No. 61), Vuurland (No. 62) en Witziesoorsprong (No. 63) van belang. Hierdie plase wat deur landmeter G. A. G. P. van den Bosch opgemeet is, sou uiteindelik in 1963 saamsmelt en tot die Nasionale Hoogland Park Golden Gate geproklameer word.

NOORD-BRABAND

Opvallend is dit dat feitlik geen burger wat aktiewe kommandodiens verrig het om een van bogenoemde drie plase aansoek gedoen het nie. Die vrugbare en uitgestrekte saailande laer af in die Caledonvallei was 'n begeerliker prys as die bergagtige en ongetemde omgewing waaruit die Park later sou verrys.

Eers op 28 Augustus 1866 gee Abraham Albertus Cilliers volmag aan landmeter G. A. G. P. van den Bosch om as sy agent voor die Uitvoerende Raad op te tree „ten einde aldaar applicatie te maken voor eenen plaats in de nieuw geannexeerde Gronden en wel aan de Noordwest zyde van Letsuana zynen stad naast aan de plaats aangevraagd door den Heer J. E. Heydenreich."

Ter ondersteuning van sy aansoek het Cilliers 'n sertifikaat van veldkornet C. de Jager van die wyk Boven Wittebergen ingelewer waarin o.a. getuig is dat burger Cilliers „voor het afgeloopene commando goederen gegeven heeft die van hem gecommandeerd waren, in plaats van zyn persoon." (G.S. 1366).

Die "Letsuana zynen stad" waarna hierbo verwys is, is klaarblyklik Lesoeanaskraal suid van die huidige dorpie Clarens waarna in hoofstuk I verwys is en wat vandag as die plaas St. Fort bekend staan. Die plaas „aangevraagd door den Heer J. E. Heydenreich" heet vandag Groenland en grens aan die Hoogland Park. En die plaas wat deur A. A. Cilliers aangevra is, sou eers op 5 Desember 1866 deur landmeter G. A. G. P.



Die oorspronklike plaas Noord-Braband (let wel: hier word Braband met 'n t gespel!). Die gedeelte links van Gladstone is die huidige plaas Noord-Braband. Regs bo kan die 58 morg gesien word wat as Golden Gate aan Jan van Reenen verkoop is.

van den Bosch opgemeet en op 5 Augustus 1868 onder die naam Noord-Braband geregistreer word. In die *Land Register van de Veroverde Gebied* lees ons o.a. dat op hierdie plaas „gelegen aan de Kleine Caledon Rivier, groot omtrent 1500 morgen" 'n jaarlikse rekonie van R3 betaal moes word.

Omdat geen burger wat aktiewe diens teen die Basoeto verrig het om hierdie plaas aansoek gedoen het nie en A. A. Cilliers volgens besluit van die Uitvoerende Raad van die republiek ook nie as sodanig geklassifiseer kon word nie, is dit vervolgens op 1 Desember 1869 per publieke veiling teen R400 plus transportkoste te koop aangebied. Hier was sekerlik die winskoop van die eeu, want nadat 58 morg daarvan in 1880 as die plaas Golden Gate teen R50 verkoop is, het landmeter K. J. de Kok die restant opgemeet en is die grootte daarvan op 3432 morg 488 vk. roede gestel! (In 1911 ná finale opmeting is die oppervlakte uiteindelik op 3383 morg 410 vk. roede vasgestel.)

Klaarblyklik het landmeter Van den Bosch óf 'n rekenkundige fout begaan, óf nie kans gesien om al die rante uit te klim nie en toe sommer kortpad gekies en „groot omtrent 1500 morgen" in die grondbrief aangeteken. Miskien het die feit dat landmeter Van den Bosch op 5 Desember 1866 volgens sy verslag aan die Staatspresident die plase Groenland en Noord-Brabant albei opgemeet het ook hiermee iets te make. Geen wonder dus dat wyle dr. C. P. Theron later o.a. in verband met drie vooraanstaande Hollandssprekende inwoners van Bethlehem geskryf het: „It was a common saying, Van den Bosch muddles up the beacons and Hamelberg and Van Raalte conducts the litigation and between the three of them the poor farmer had a lean time."

Ewenwel, selfs hierdie winskoop kon op 1 Desember 1869 niemand teen R400 beïndruk nie. Gevolglik moes die afslaer „niet verkochten" in sy register teenoor Noord-Braband aanteken!

Eers op 21 Januarie 1871 kon die Vrystaatse regering daarin slaag om dié pronkplaas vir R400 aan Gabriel Michael Brits te verkoop. Hierdie eerste eienaar sou die plaas egter geen volle tien maande bewoon nie. Abraham Albertus Cilliers en sy vrou was vasbeslote om dit hulle eiendom te maak. Ná langdurige onderhandeling het hulle Brits oorgehaal om Noord-Braband op 13 November 1871 vir R400 plus oordragskoste aan hulle te verkoop. So kon die Registrateur van Aktes in Bloemfontein op 25 Maart 1872 kaart en transport „ten faveure van Abraham Albertus Cilliers, Abraham zoon" uitreik. Die Cilliers-familie sou die beste gedeelte van hierdie plaas vir bykans 'n volle eeu bewoon en bewerk totdat hulle dit aan die Parkeraad en daarmee aan die volk van Suid-Afrika afgestaan het.

Abraham Albertus Cilliers, vierde geslag van 'n Hugenote-stamvader uit Frankryk, en sy bruid Alie Marais het in 1842 uit die omstreke van Robertson in die Kaapkolonie noordwaarts oor die Oranjerivier getrek. Geleidelik skuif hulle noordwaarts, woon 'n tydjie in die nabyheid van die huidige dorpie Koffiefontein en trek op die vooraand van die tweede Basoeto-oorlog die wyk Wittebergen van die distrik Harrismith binne.

K.461 5/4/13 70 (14) 4

4

SIJDEN.		HOEKEN.	
AB	1622.55	A	57.1.0
BC	270.81	B	150.53.50
CD	565.62	C	168.59.20
DE	1053.35	D	70.46.20
EF	548.23	E	85.12.0
FG	49.67	F	180.27.20
GH	356.76	G	219.29.30
HI	609.42	H	199.9.50
IA	352.61	I	125.0.50
Afwijkende van P.B.: 63°49'50" noorde			

	COORDINATEN.	
A	-321.80	+937.93
B	+675.71	-341.77
C	+717.30	-609.37
D	+695.80	-1174.68
E	-284.92	-794.13
F	-42.83	-298.25
G	-21.25	-253.51
H	-106.99	+94.04
I	-437.06	+604.69

BOVENSTAANDE KAART STELT VOOR DE PLAATS

— Vuurland. —

No 328.

No 4

Gelegen in de Wijk Wittebergen District Bethlehem O.V.S.

Groot: 2384 Morgen — Quadraat Roeden. (Hromme Lynen: 5.25 Morgen)

Eigendom van Jan Nicolaas Roussouw van Reenen volgens T.A. No 20797

28 February 1885. Gemeten door mij. Geopdrieven en

Geadv. 14 Januari 1885

H.G. Vanden Bosch
GOUVTS. LANDMETER.

18.4.85

Aan die begin van 1872 trek hy na Noord-Braband. Terwyl stormweer dreig, span hy die eerste aand skuins noord van die huidige opstal op die plaas Noord-Braband uit. Twee dae lank reën dit onafgebroke. En toe besluit Alie Cilliers dat hulle nie verder sou trek nie: waar hulle tentwa staan, sou hul opstal verrys. Vandag kan ons net sê: Jammer dat hulle nie 'n paar myl verder getrek het nie, dan kon hul opstal in die hart van die goue poort verrys het!

Die 58 morg waaraan die Hoogland Park sy naam ontleen, was deel van die oorspronklike Noord-Braband. Op 2 Desember 1880 het A. A. Cilliers hierdie 58 morg, grensende aan die plaas Vuurland van J. N. R. van Reenen, aan sy buurman vir R50 verkoop. Van Reenen het dit op 8 Julie 1881 as *Golden Gate* geregistreer. Oor die herkoms van hierdie naam, vertel ons aanstons meer.

Tot op 3 Februarie 1890 sou A. A. Cilliers die resterende 3383 morg en 410 vk. roede bewoon. Toe het hy dit gelykop tussen sy twee seuns Ernst Jacobus en Abraham Albertus verdeel. Eersgenoemde het die opstal en 1691 morg 505 vk. roede ontvang, terwyl lg. sy gelyke deel tot *Gladstone* gedoop het. Die suidoostelike krans op hierdie plaas het 'n opvallende punt waaraan die eerste intrekkers die heel paslike naam *Gladstone's Nose* gegee het as gevolg van die heel treffende ooreenkoms met die neus van die beroemde Britse eerste minister. William Ewart Gladstone, eerste minister van Engeland tussen die jare 1880 en 1885, was 'n groot Boere-vriend en klaarblyklik daarom het A. A. Cilliers hom vernoem.

In September 1920 het A. A. Cilliers jnr. die plaas Gladstone onderverdeel tussen sy twee seuns Ernst Jacobus en Johannes Jacobus. Eersgenoemde het die opstal en 1121 morg 118 vk. roede ontvang. Laasgenoemde het sy 570 morg 387 v. roede *Wilgenhof* gedoop.

Dit was mev. C. Fockema en haar moeder, tant Nellie Cilliers, eggenote van wyle Ernst Jacobus Cilliers, wat in 1962 Gladstone vir R35,872 aan die Vrystaatse Provinsiale Administrasie verkoop het. Mnr. Piet Cilliers, broer van Ernst Jacobus, het intussen die eienaar van *Wilgenhof* geword. Vir R17,000 het hy daarvan afstand gedoen. Aldus is die oorspronklike *Gladstone* as geheel in die Hoogland Park opgeneem.

Die opstal en restant van die oorspronklike Noord-Braband is later aan Horace Strapp verkoop. Ná hom het P. M. Scheepers en R. P. I. Morgan, vader van die huidige eienaar, die besitters daarvan geword. Miskien beleef ons nog die dag dat ook hierdie gedeelte van die oorspronklike Noord-Braband tot die Park toegevoeg word.

VUURLAND

Hierdie plaas sowel as die aangrensende *Witziesoorsprong* (albei ongeveer 1,500 morg groot) is op 6 Desember 1866 deur landmeter G. A. G. P. van den Bosch opgemeet. Hoewel die opmeting van hierdie

twee plase 'n groot werk moes gewees het, het die landmeter eienaardig genoeg nie sy flater met Noord-Braband herhaal nie.

Landmeter Van den Bosch het ernstige bedenkinge omtrent die toekoms van hierdie twee plase in 'n brief twee dae later aan pres. Brand gelug. Hy skryf o.a.: „Gisteren namiddag myne werkzaamheden in het veroverde Grondgebied geëindigd hebbende, tot op die scheiding van Witzieshoek en de Lesutu Gronden. Zoo heb ik heden met de Commissie het rapport opgemaakt en gesloten, in het geheel zyn er 63 plaatsen door ons geinspecteerd waarvan de laatste plaatsen Vuurland en Witziesoorsprong eeniger mate ongunstig zijn dewyl den eigenaar slechts voor de helft van het jaar daar kan vertoeven dewyl den winter daar ondragelijk koud zal wezen, zij zijn dan ook aan de Oorsprong van Klein Caledon gelegen." (G.S. 1373). Die geskiedenis sou bewys dat Van den Bosch se voorspooksel hier net so onstandhoudend as sy „groot omtrent 1500 morgen" in die geval van Noord-Braband was.

Op 1 Desember 1869 is *Vuurland* vir R460 aan Jacobus Charl Bender verkoop. Toe dit egter blyk dat hy nie oor die koopsom beskik nie, het die Vrystaatse regering die plaas teruggeneem en besluit dat dit later vir buitgeld, d.w.s. skadevergoeding aan burgers wat veeverliese gedurende die Basoeto-oorloë gely het, verkoop sou word. Dit het eers gedurende Julie 1873 gebeur toe dit op die naam van mev. Cecilia Jacobina Moodie (gebore Robberts), skoondogter van Tom Moodie — 'n oom van mnr. Mann van Reenen — geregistreer is. Die koopsom het slegs R230 bedra. Net meer as vyf jaar later, op 2 Desember 1878, het Jan Nicolaas Rossouw van Reenen hierdie plaas vir R460 van die Moodie-boedel gekoop.

J. N. R. van Reenen, die vader van mnr. W. M. (Mann) van Reenen, is in Kaapstad gebore en het in 1865 na die Vrystaat verhuis. 'n Paar jaar lank boer hy op die plaas Barletta, distrik Ladybrand. In 1875 tree hy in die huwelik met mej. S. J. L. Moodie, 'n suster van Tom Moodie wat op die plaas Inhoek naby Golden Gate geboer het. Drie jaar later koop hy *Vuurland*.

Wanneer hy en sy vrou na hul nuwe tuiste trek, gaan hulle dig by die Cilliers-opstal op Noord-Braband verby. Laat namiddag staan hul trek in die goue poort, „just as the sun was setting behind two magnificent sandstone cliffs. The sun's rays casting soft and delicate shades against the sandstone cliff face inspired the name Golden Gate . . . ," aldus *The Bethlehem Express* van 'n dekade gelede.

Tydens hierdie episode het Van Reenen se trek nog op grond van A. A. Cilliers snr. gestaan. Hy was egter so beïndruk met die omgewing dat hy die eerste geleentheid wat hom voorgedoen het benut het om daardie gedeelte van Noord-Braband by sy buurman te probeer koop. Sy volgehoue pogings werp vrugte af wanneer Cilliers eindelik op 2 Desember 1880 sowat 58 morg (sien meegaande kaart) vir slegs R50 aan hom verkoop. Dadelik het Van Reenen die nuwe stuk grond *Golden Gate* gedoop — 'n naam wat vandag eie geword het aan die hele

gebied waarop die Hoogland Park aangelê is. Min het Van Reenen destyds kon dink dat deur sy eie en sy seun se pogings hierdie plaas eendag 'n Nasionale Park sou word nie en dat sy eie huis 'n nasionale monument sou word vir die bewaring van ons erfenis.

WITZIESOORSPRONG

Hierdie plaas „gelegen aan de afloopen naar Klein Caledon", met die bekende landmerk Wodehousekop daarop, is op 6 Desember 1866 deur landmeter G. A. G. P. van den Bosch opgemeet. In die *Land Register* van die distrik Bethlehem lees ons o.a.: „Deze plaats is groot naar gissing 1500 morgen. Eigenaar het Gouvernement van den Oranje-Vrystaat." Tydens die eerste publieke veiling is ook „niet verkochten" deur die afslaer teenoor dié plaasnaam aangeteken. Daarna het die Vrystaatse regering dit teruggeneem met die voorneme om dit nes die buurplaas *Vuurland* vir buitgeld te verkoop.

Eers op 10 Mei 1882 het dit 'n baas gekry. Casper Hendrik Badenhorst, boer te Groenvlei, het R600 daarvoor betaal. Maar hierdie eerste eienaar moes met besondere oorredingsvermoë en sakevernuf bedeeld gewees het, want slegs dertien dae later verkoop hy dit aan Frederick Jacobus van Straaten vir R2,000!

Van Straaten het met hierdie koop egter meer afgebyt as wat sy finansies kon verteer. Hy kon slegs R1200 van die koopsom bybring en moes vir die oorblywende R800 'n eerste verband aan die vorige eienaar toestaan. Drie jaar later was hy verplig om 'n nuwe verbandlening by A. A. Stuart, 'n Winburgse prokureur, vir R600 aan te gaan. Nou kon hy sy skuld by Badenhorst vereffen, maar slegs 'n jaar later moet hy weer by J. F. du Rand R240 leen toe die prokureur sy verband opsê. Ten einde al sy skuld te betaal, leen hy op 21 September 1886 R530 by J. N. R. van Reenen aan wie hy sy hele plaas sedeer. Slegs drie weke later, toe dit duidelik blyk dat Van Straaten op die randjie van bankrotskap staan, het Van Reenen beslag op die plaas gelê.

Nou was J. N. R. van Reenen die besitter van twee plase wat gesamentlik 'n oppervlakte van 3720 morg en 391 vk. roede sou beslaan toe 'n regeringslandmeter dit in 1911 opgemeet het. Hy herdoop die saamgevoegde plase tot *Melsetter*. Mev. S. J. L. (Rosy) van Reenen was 'n nooi Moodie, wie se grootvader James Benjamin Moodie van Melsetter in die Skotse Orkney-eilande na Swellendam in Kaapland ge-emigreer het. Haar broer Tom van die plaas Inhoek in die Verowerde Gebied was die eerste veldkornet wat ingevolge die Okkupasiewet vir die wyk Golden Gate gekies is. In die negentigerjare was hy een van die leiers van die Moodie-trek na Rhodesië waar hulle die nedersetting Melsetter in die Oostelike Hoogland gestig het.

Vir die verdere gang van ons verhaal is dus die plase *Gladstone* en *Melsetter* van belang. Talle onderverdelings en verkope sou deur die jare plaasvind. Maar deur 'n merkwaardige sameloop van omstandig-

K.47.

18

S 5/4/12.

N°18



N°327

WIETSIES OORSPRONG

District Bethlehem Wyk Wittebergen

Groot 1964 Morg. 0003 Rd.

Opgemeten door my 25-28 Februari 1885

[signature]
G.L.

Eigenaar: Frederik Jacobus van Straten

Fr. Acte N° 26600 – 29 Mei 1882

26.4.85

hede sou al hierdie onderverdelings en verkoopte gedeeltes later aan die O.V.S. Provinsiale Administrasie verkoop word wat dit weer aan die Parkeraad vir die ontwikkeling van 'n nasionale park sou oordra. Met die vereniging as Hoogland Park het die grenslyne verdwyn, maar in die name *Gladstone* en *Melsetter* leef hul verlede voort.

'n Seldsame kaart van toeligting i.v.m. die plase Vuurland *en* Witziesoorsprong. *Toevallig kom al die plase wat vandag die Nasionale Hoogland Park Golden Gate vorm, hierop voor. Vergelyk dit met die foto op p. 42.*

V

'N LANDELIKE BESKAWING ONTPLOOI IN DIE VEROWERDE GEBIED

Aan die begin van die jare tagtig was die pioniershartstogte in Golden Gate iets van die verlede. Daarna het kalmte, rus en bestendigheid ingetree. Op die plase Noord-Braband en Melsetter groei gaandeweg 'n Godvresende gemeenskappie, gekenmerk deur dienende liefde teenoor die medemens en 'n vaste vertroue en geloof in die Bouheer van ons berge.

'n Afgesonderde en plattelandse gemeenskap neem met die loop van jare 'n eie „kleur" aan. Sekere gewoontes en tradisies word allengs ongeskrewe wette van die samelewing. So was dit ook met die Cilliers's en Van Reenens. Hoewel myle verwyderd van die sentrums van beskawing en gerief, ontwikkel hulle in hul klein kring tot 'n waardige landelike aristokrasie.

Die naaste dorpie is Bethlehem, 35 myl ver. Sedert 1859 is die naaste kerkie en vanaf 1869 die naaste Christelike gemeente daar gevestig. Vir baie jare sou die inwoners van Noord-Braband en Melsetter van die direkte en gereelde bediening van Gods Woord verstoke wees. Weliswaar sou hulle by hulle eenvoudige eettafels, soggens en saans en aan moedersknie uit die ou Statebybel met sy koperbeslag die vermaninge en trooswoorde van hulle Skepper verneem, maar daar was tog nog so baie dinge wat hulle nie kon begryp nie en wat alleen 'n geordende leraar aan hulle sou kon verduidelik. En tog het hulle nie ontaard nie. Vreemdelinge en reisigers wat die streek besoek het, het hulle dikwels daaroor verwonder dat dié mense wat tog betreklik onopgevoed gebly en ver van die „beskawing" hulle lewe geslyt het, nooit die uiterlike vorm van welvoeglikheid verbreek nie.

NUWE INTREKKERS

Spoedig word die klein gemeenskappie langs die Klein Caledon deur nuwe intrekkers in die aangrensende Verowerde Gebied aangevul. Casper van Zyl word die eienaar van *Schaapploats*. Marthinus Kruger kom woon op *Bokpoort*. Teen die einde van 1876 vestig Abraham Paulus Naude hom op *Groenland*, die buurplaas van *Noord-Braband*. Dan arriveer die eerste Engelssprekendes. George Bennett Mousley koop die nabygeleë *Madrid*. Die Mousley-gesin het aan die einde van die Basoeto-oorloë uit Staffordshire, Engeland, na Suid-Afrika geëmigreer. Per ossewa reis hulle oor Aliwal-Noord om hulle in die Verowerde Gebied te kom vestig. Mev.

Mousley het 'n Banksiaroos-steggie uit Engeland saamgebring en dit na hul aankoms op Madrid geplant waar dit vandag nog welig groei. In 1880 trek die Liddles ook na die Verowerde Gebied en vind 'n permanente tuiste op die plaas *Craiggrossie*. James Liddle was streng godsdienstig en het dikwels eredienste vir die blanke inwoners, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, waargeneem. So het hierdie Engelssprekende intrekkers met hulle Puriteinse konserwatisme die Christelik-aartsvaderlike invloed van die Naude's, Roos'e, Cilliers's en Van Reenens kom aanvul.

GOLDEN GATE VERLOOR DIE FLEUR VAN SY VELDE

Toe die eerste blankes hierdie gebied binnetrek, vind hulle dit nes die ganse omliggende streek oortrek van wild. Skaars enkele jare tevore nog het die jagter Gordon Cummingham van hierdie gebied geskryf: „Ek het die onmeetlike vlaktes en die heuwelrante weerskante van my met een digte bank springbokke oortrek gesien. So ver die oog kon reik, het die wêreld van hulle gewemel tot waar hulle tot 'n dowwe rooi massa lewende wesens vervaag het."

Maar daar was ook blesbokke, blou- en swartwildebeeste, kwaggas, hartebeeste en elande, wilde volstruise en vlakvarke. Bobbejaantroppe het teen die hoogste berghange gewoon.

Ordonnansie 1 van 1858 op die Vrystaatse wetboek het wel bepaal dat niemand volstruise tydens die broeityd mag verwilder of skiet of die eiers uit die neste verwyder nie; dat niemand sonder toestemming van die eienaar of bewoner binne die grense van 'n plaas enige wild soos wildebeeste, springbokke, blesbokke, volstruise, korhane, fisante, partyse, wildehoenders, wildeganse, eende of ander watervoëls mag skiet, verjaag of deur honde kan laat vang nie; en dat niemand op Sondag mag skiet nie, maar dié wet is nooit streng toegepas nie. Die Voortrekkers het net vir die pot geskiet. Tydens die O.R.S.-jare egter het leëroffisiere, grondspekulante en uitlandse handelaars en winkeliers op rojale wyse jag op wild gemaak. Dog dit was veral in die sestiger en sewentiger jare dat die Vrystaat en Golden Gate hul faam as een van die grootste wildtuistes in Afrika verloor het.

Gedurende die jare 1860 en 1862 is hierdie streek deur een van die kwaaiste droogtes in sy geskiedenis geteister. Duisende skape en beeste het van honger en gebrek aan weiding omgekom en ook die wild moes dit dubbel ontgeld, want van alle kante is daar op hulle jag gemaak om die veld vir die vee te spaar. Hierdie jagtogte het ontaard in die wreedste skouspele wat in die geskiedenis van ons land se wild opgeteken staan.

Mettertyd sou ook die Boeregemeenskap hulle aan onoordeelkundige slagting skuldig maak. Hiertoe het deels die teisterende droogtes van die jare sestig en die groot verliese aan vee tydens die Basceto-oorloë meegewerk, en namate die pryse vir wildsvelle gestyg en 'n geredelike bron van inkomste geword het, moes veral blesbokke en wildebeeste dit ontgeld. Hierdie wildsoorte is nie langer vir die pot geskiet nie en die aasvoëls moes

nou teer op wat vroeër as vernaamste voedselsoort vir die pionier-Boere en Voortrekkers gedien het.

Ook beroepsjagters veral uit Natal en Kaapland het sedert die laaste Basoeto-oorlog na die Vrystaat gekom, konsessies van boere vir die skiet van alle soorte wild verkry en feitlik meedoënloos die wild begin uitroei. Tussen 1869 en 1872 was daar 'n groot aanvraag vir wildsvelle. Wildebeesvelle het 45c, 'n blesbokramvel 25c en 'n -ooivel 15c stuk behaal.

Op Harrismith, waar die landdroskantoor vir Bethlehem tot 1871 gesetel was, is soms tot 1,000 velle op een dag verkoop en in 1870 is nie minder as 173,340 blesbok-, wildebees- en kwaggavelle uit die noordoostelike Vrystaat vanaf Durban verskeep nie. Die *Natal Mercury* se redakteur het gewaarsku: „There are evidently some mighty hunters in the interior and at the present rate of destruction the celebrated gamehordes of South Africa will gradually become a memory of the past." Hierdie tydige waarskuwing het egter nie veel vermag nie, want die volgende jaar styg die uitvoer tot 311,446 velle.

Die besonder gunstige pryse het jagters in 1870 en 1871 opnuut op die wild laat toesak en dis so skaamteloos uitgeroei dat selfs die aasvoëls nie kon voorbly om die veld van ontbindende karkasse te suiwer nie. Een waarnemer wat in hierdie dae die streek naby die Golden Gate besoek het, het verklaar dat die aasvoëls so dikgevreet was aan die karkasse wat op die veld rondgestrooi gelê het dat hulle later slegs die oë van die geslagte diere uitgepik het. Op 13 September 1870 skryf 'n korrespondent van *The Friend* o.a. soos volg uit Bethlehem: „Can nothing be done by our authorities to stop the wholesale slaughter of the game in this State? About one hour from Liebenbergsvley I counted forty-seven carcases of wild game which had been killed, and then only the skins taken off; the meat left to rot."

'n Mens moet toegee dat met so baie wild wat veral in die najaar na die omgewing van Golden Gate getrek het, skaapboerdery nooit sou kon ontwikkel nie. Verder was baie boere grootliks verarm as gevolg van die Basoeto-oorloë en was die inkomste uit wildsvelle en konsessiegelde van jagters welkome finansiële uitkoms. Dog vir die skaamtelose uitroeiing waarin dit ontaard het, was daar geen verskoning nie.

Beide die destydse republikeinse regering en die plaaslike owerheid het twee jaar lank hul plig skromelik versuim om 'n einde aan die grootskaalse uitroeiing van wild te maak. Mettertyd het stemme daarteen begin opgaan. Ou inwoners het gewaarsku en ds. Dugald MacMillan van Harrismith het selfs daarteen gepreek. Maar eers toe die uitroeiing ten top gestyg het, het die Volksraad in 1872 'n aanvullende ordonnansie aangeneem wat verbied het dat wild geskiet word slegs met die doel om met velle handel te dryf. Dit was reeds te laat, want hierdie maatreël kon die wasdom van die wild nie herstel nie; die Vrystaat het die prooi geword van die vernielsug wat so kenmerkend van die negentiende eeu was.

Van Golden Gate met sy eertydse aangrypende wildvelde is die woorde van kol. Stevenson-Hamilton, gewese opsigter van die Kruger-wild-

tuin, ook waar: „Wanneer ons met die handewerk van die natuur te doen het, kan ons gerus altyd onthou dat as dit eenmaal vernietig is, dit nooit weer vervang kan word nie. Die vernietiging van enige menslike kunswerk — 'n beroemde skildery, 'n standbeeld of 'n kostelike stuk argitektuur, is 'n ernstige ramp, maar dit is nie onherstelbaar nie; dit is die werk van mensehande, en wat die mens eenmaal tot stand gebring het, kan hy weer doen; sy genialiteit kan nuwe wonderlike skilderye en skitterende voorbeelde van die boukuns skep om dié wat verlore gegaan het, te vervang. Dog dit is nie die geval waar 'n natuurlike soort uitgeroei is nie. Nie die uiterste pogings van die mens kan dit ooit weer tot lewe bring nie. As dit eers verdwyn het, is dit onherroeplik verlore en vir altyd daarna is die wêreld des te armer." Gelukkig is ons in die posisie om hier te kan meld dat die Nasionale Parkeraad deur sy beleid van stelselmatige wildbeskerming en die hervestiging van die oorspronklike wildsoorte besig is om te herstel wat in die vorige eeu in Golden Gate verlore gegaan het.

BOERDERYONTWIKKELING

Vanaf die vroegste tye was die vrugbare Klein Caledonvallei bekend as die koringskuur van die distrik Bethlehem. Met die ontdekking van diamante by Kimberley in die sewentigerjare en goud aan die Witwatersrand in die tagtigerjare ontstaan 'n uitstekende mark vir boerderyprodukte en dit dien as spoorslag vir groter produksie. Spoedig word meer graan langs die Klein Caledon verbou. Bewys hiervan is die oprigting van meulens. Baie van die koring is gemaal met watermeuiens op die plase *De Molen* van Thomas Theron en *Blackwoods* van J. B. de la Harpe. Ook die Van Reenens en Cilliers's se koring is op *De Molen* gemaal en vandaar per ossewa na die Rand vervoer. Omdat die ploegbare oppervlakte vanweë die bergland beperk was, het akkerbou egter stadig ontwikkel. Mettertyd word ook klein hoeveelhede mielies, hawer en tef verbou. Op *Gladstone* en later *Wilgenhof* word ook groot vrugteboorde met veral perske-, appel- en okkerneutbome aangelê.

Spanne Basoeto het uit Basoetoland gekom en die koring met sekels afgesny. Eers is dit met perde op 'n dorsvloer „getrap", later met die ou groot dorsmasjien aangedryf deur 'n stoomenjin.

Die mees stabiele boerdery tot vandag toe het egter die veeboerdery gebly. Hiervan is die plaasname *Schaapplaats* en *Bokpoort* bewys. Die ou Rambouillet- en Plooiskaap is mettertyd met die merinoskaap vervang. Veral tussen 1880 en 1890 is die skaapteelt met Angora- en sybokke aangevul. Jakkalse het eienaardig genoeg eers ná die droogte van 1933 hul verskyning in Golden Gate gemaak. Baie ou ingesetenes, o.a. ook afstammelinge van die Cilliers's, beweer dat die jakkalse saam met die Karooboere se skape hierheen getrek het.

Sover dit beesteelt betref, is aanvanklik slegs met Afrikanerbeeste geboer. As trekos en roomprodusent kon hy destyds nie oortref word nie. Later het die Fries- en Jerseybees ook hul verskyning gemaak.

Omdat die Golden Gate-streek nog altyd taamlik vry van perdesiekte was, was dit uit die staanspoor 'n belangrike streek vir die teel van perde. Die perdekar en „spaaider" was destyds die vernaamste vervoermiddel en trekperde was dus altyd in aanvraag.

Die pluimveebedryf is hoofsaaklik vir huishoudelike gebruik en gedeeltelik as ruilmiddel vir negosieware benut. Weens gebrek aan snelle vervoermiddels sou die suiwelbedryf egter eers in die twintigste eeu ontwikkel.

Die bestendige afsetgebied vir boerderyprodukte het veroorsaak dat kontantgeld volop geword het. Bees- en skaapvleis behaal teen 1885 tot 3c per pond, aartappels. 60c per emmer en boermeel van R3.50 tot R5 op die Randse mark.

Boere het nou geld gehad om hulle plase te verbeter en om meer grond aan te koop. Jan van Reenen het genoeg kontantgeld gehad om R530 (baie kontant destyds!) aan Frederick van Straaten te leen en so Witziesoorsprong in die hande te kry. Op Gladstone verrys 'n mooi kliphuis.

Transportwaens op weg na die diamantveld en Witwatersrandmark was 'n alledaagse gesig. Spoedig kom buitewinkels met posagentskappe tot stand. Vir Golden Gate kom die beskawing 'n treetjie nader wanneer in 1890 'n buitewinkel met posagentskap op *De Molen* ingerig word. Twee jaar later word die dorpie Fouriesburg geproklameer en wanneer die telegraaflyn hierdie dorpie in 1897 bereik, is Golden Gate nie meer volkome van die buitewêreld afgesny nie.

Die eerste ernstige terugslag vir boerdery sou in 1896 kom toe die gevreesde runderpes vanuit Rhodesië suidwaarts versprei het. Omdat die Bethlehemse distriksgrens spoedig goed deur die burgers bewaak is, was die verliese in die wyk Wittebergen nietig in vergelyking met die res van die Vrystaat. Weens gebrek aan die nodige statistiek was dit onmoontlik om bewerings dat Golden Gate-boere nagenoeg een-kwart van hul vee verloor het, te staaf. Drie jaar later, toe die verwoestende Anglo-Boere-oorlog uitbreek, was hierdie terugslag egter reeds uitgewis.

OPVOEDING EN ONDERWYS

'n Gemeenskap word egter nie alleen deur stoflike welvaart gebou nie, maar meer nog deur die skone, edele en goeie in die menslike gees en die dienende liefde teenoor die medemens. Goeie buurskap het die onderlinge verhouding tussen al die gesinne in die bergkom gekenmerk. Oor en weer is gekuier. Nog so betreklik onlangs as November 1964 het mev. M. C. M. Botha, kleindogter van Casper van Zyl van Schaapplaats, o.a. aan my geskryf: „En nog die mooiste is, dat ek mnr. Mann van Reenen, die oudste seun van mnr. Jan van Reenen von Golden Gate, ken. Ek was soms op Golden Gate en ook op Gladstone vir gesellige samekomste . . ."

Maar ook die menslike gees is nie verwaarloos nie. Kommer was daar dat opvoedingsgeriewe vir hulle kinders ontbreek. Eers in 1913 sou die eerste skooltjie in Clarens sy verskyning maak. Daarom dat beide die Cilliers's en Van Reenens private skooltjies begin het. 'n Eie onderwyseres het om die beurt op Wilgenhof en Gladstone ingewoon en die Cilliers-spruite onderrig. Die een-vertrek skoolgeboutjie staan vandag nog agter die woonhuis op Wilgenhof. Ook die Van Reenen-kinders het aanvanklik van 'n Engelse onderwyseres tuis onderrig ontvang alvorens hulle na dorp-skole in Harrismith, Bethlehem en Bloemfontein gestuur is.

Teen 1899 regeer die vrede nog oor die gemeenskappe in Golden Gate. 'n Rustig-landelike atmosfeer heers nog hier waar die blanke pionier sy spoor oor veld en rant gelaat het. Ouhout, saliebos, olien en witstink-houtbome staan in die beskutte klome, terwyl vaderlandswilger, mandjies-wilg, kerkhofpopulier en eik brandwag langs die Klein Caledon staan.

Sou die besoeker in die laatmiddag teen een van die koppe uitklim en van bo die plase in die geheel beskou, sou hy sien hoe gestawelde klipmure plek-plek begin padgee om vir draadomheining plek te maak. Laer-af na die oewer van die Klein Caledon het vet koringhalms in die ligte windjie gegolf en teen die hange het die son op die horings van Afrikanerbeeste geglinster.

En by die opstalle sou hy sien hoe rokies uit die skoorstene lui opwaarts stoot. Alles lyk ordelik, gelukkig en vergenoeg, ver verwyder van twis, gebrek en wanordelikheid. Dit vertoon 'n afgerondheid en netheid wat die oog streel. Maar weldra sou krygsrumoer ook hierdie idille verstoor wan-neer die oorlogsgod vanaf 1899 sy septer oor twee klein republiekies kom swaai het.

VI

DIE TWINTIGSTE EEU

ANGLO-BOEREOORLOG

Krygsgeweld en kanongebulder het, ook vir Golden Gate, die twintigste eeu aangekondig. Die idille in die bergkom is daardeur wreed versteur. Ook hier is 'n ganse leefwyse afgetakel en vernietig. Wat deur moeisame arbeid gedurende die voorafgaande kwarteeu opgebou is, is binne twee jaar uitgewis.

Die Britse krygsbeleid om die voortbestaan van die Boere-kommando's te beëindig deur die stelselmatige verwoesting en ontvolking van die platteland se gebiede sou ook sy spoor in Golden Gate, veral vanaf 1901 laat. Maar nog voor 1901 het die oorlog in die gebied kom staan.

Op 2 Oktober 1899 is alle Vrystaatse burgers tussen 16 en 60 jaar opgekommandeer. Die burgers uit Golden Gate en omgewing moes saam met die kommando's van Ficksburg, Ladybrand en Wepener die Basoetogrens help bewaak. Jan van Reenen en sy vier seuns asook A. A. Cilliers jnr. was ook onder hulle.

Na die aanvanklike sukses van die Boeremagte het die Britse oormag vanaf Februarie 1900 egter begin tel. Spoedig na lord Roberts se deurbraak aan die wesgrens is Bloemfontein ingeneem. Hiervandaan begin hy sy noordwaartse offensief. Die Bethlehemse burgers is nou beveel om die koringstreek te beskerm.

Teen Junie 1900 was Bethlehem die enigste oorblywende dorp van betekenis in die Vrystaat wat nie deur Britse magte beset was nie. Gevolglik het ses Britse leërs bestaande uit nagenoeg 50,000 troepe onder vyf generaals op dié dorp toegesak waar ook pres. M. T. Steyn en genl. C. R. de Wet hulle bevind het. Twee dae lank, 6-7 Julie 1900, het genl. de Wet se burgers — 5,300 — pal gestaan ten spyte van moordende artillerievuur. Toe is 'n ordelike terugtog gelas.

Nou wyk die Boeremag terug in die rigting van die Rooiberge. Met die grootste deel van die Boeremag trek genl. de Wet deur Retiefsnek en versprei agter die bergketting wat tot by Naauwpoortsnek en Golden Gate strek. Boere-verkenners patrolleer daagliks die gebied, doen dikwels aan by die Van Reenen- en Cilliers-gesin waar hulle gasvry ontvang is.

Die Britse magte moes 'n paar dae in Bethlehem rus ná hulle snelle opmars daarheen. Dit gee genl. de Wet geleentheid om nogmaals aan die Britse net te ontkom. De Wet was gekant teen die algemene gedagte-